



Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968

www.onskontrei.co.za

22 AUGUSTUS 2025 - JAARGANG 57-1690

R7.00 Inklusief

Telefoon: 027 213 2074

E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND

20 Augustus 2025 - 76.92%

20 Augustus 2024 - 92.68%

Reënval vir die week:

0.4mm

MBD Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)

Begrafnisdienste

Vredendal

Veeprodusente ly duisende rande se skade



'n Plaaslike landbouprodusent tussen sy vee. Lees die volledige berig op bl 3.
Foto: Verskaf.

Lees binne:

Vrou kraam onverwags
bl 2

Kyk hier blomme
bl 3

Honderdste parkrun
bl 8

Weervoorspelling vir die week

Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)

MBD Begrafnisdienste Vredendal

Don.21/08	Vry. 22/08	Sat.23/08	Son. 24/08
10°/22°	9°/22°	7°/19°	4°/19°

Ma.25/08	Di. 26/08	Wo. 27/08
4°/21°	4°/22°	8°/23°

Inligting verkry vanaf AccuWeather 20 Aug. 2025



TVET MONTH

01-31 AUGUST 2025

THEME - TVET for All: Skills. Opportunity. Change.

FREE Career Assessments during this month

Make your appointment at your nearest campus today.

Central Office
022 482 1143
www.westcoastcollege.co.za

Atlantis Campus021 577 1727

Citrusdal Campus022 921 2457

Malmesbury Campus022 487 2851

Vredenburg Campus022 713 3167

Vredendal Campus027 213 5673

West Coast College Institute of Excellence

Westcoastcollege

West Coast TVET College

Report Fraud
wccethics@gmail.com

AKTUELE NUUS

Vrou skenk geboorte in toilette

Berig: Annemarie Munnik

VREDENDAL: Wat 'n doodnormale inkoopiedag Donderdag, 7 Augustus vir 'n vrou van Lutzville-omgewing moes wees, het skielik in 'n geseënde dag verander. Marianna Tieties vertel sy het vir 'n taxi gewag, toe iemand haar meedeel dat daar 'n vrou in kraam is. 'n Vrou het by die taxistaanplek in Vredendal die toilet besoek toe sy onverwags in kraam gegaan het. Tieties sê sy het 'n noodhulpserifikaat. Toe sy ingaan het die vrou haar meegedeel dat haar water gebreek het. Tieties het vir haar gesê "dan moet jy maar druk." Sy het eintlik bedoel dat die vrou moet druk om hospitaal toe te gaan, maar toe het sy begin druk. Tieties het weer uitgegaan. 'n Vriendin, Annika Job het vir haar gesê daar is 'n rumoer in die toilet.

Sy het ingegaan om te help, terwyl Job haar assisteer het. "Later toe staan ek met die seuntjie in my hande," vertel Tieties. Sy het die naelstring wat om sy beentjie was afgehaal en gekyk of daar slym in sy mond is. Omstanders het 'n sak gebring waarop die vrou kon ontspan terwyl sy vir die ambulans wag. Die vrou se dogtertjie het vinnig na 'n nabygeleë winkel gehardloop om klere vir die baba te kry en 'n ander vrou het 'n komborsie gebring om die baba toe te maak. Vredendal Hospitaal se bestuur het bevestig dat die ma en baba via privaat ambulans na Vredendal Hospitaal geneem is. Beide ma en baba is opgeneem vir observasie en albei is op Vrydag, 8 Augustus ontslaan.



Die dwelms waarop beslag gelê is.

Foto: Verskaf.

Reuse dwelmvonds in Lutzville

Berig: Kaptein van der Westhuizen

LUTZVILLE: Lede van Lutzville SAPD se speurders en Namakwaland Honde-eenheid was op Donderdag, 14 Augustus omstreeks 13:00 besig met opsporing van verdagtes toe hulle 'n voertuig op die R363 naby Ebenhaeser se afdraai opmerk wat verdag voorkom. Hulle het 'n vrou gesien wat 'n bloukleurige plastieksak in 'n bos sit en na die voertuig terugbeweeg. Die SAPD het by die voertuig gestop en nog twee Zimbabwiese mans in die voertuig aangegetref. Die vrou is na die bos geneem waar

sy die plastieksak versteek het en die sak is voor haar en die twee mans oopgemaak. Seshonderd Mandraxtablette en 150 gram Tik ter waarde van R82 500 is in die sak gevind. Twee mans 31 en 33 en 'n 45-jarige vrou is gearresteer en het 18 Augustus in die hof in Lutzville verskyn. Die saak is uitgestel tot 19 Augustus vir die verkryging van 'n tolk. Dit is weer uitgestel tot 28 Augustus waar die verdagtes sal aansoek doen vir borg. Intussen bly hul in aanhouding.

SAPD-brokkies uit Klawer

Berig: Kaptein Helfrich

KLAWER: Rico Richards (28) se liggaam is Donderdag, 7 Augustus om 07:30 agter 'n huis in Barryshill gevind. Sy broer, (37) het hom met 'n mes in die bors gestee. Die beskuldigde het Maandag, 11 Augustus in die plaaslike hof verskyn op aanklag van Moord. In 'n ander voorval is twee mans, 36 en 45 aangekeer nadat hulle en twee van hul

makkers Saterdag, 16 Augustus om 03:15 aan 'n 31-jarige klaer se deur geklop het en sy huis binnegegaan het. Die klaer is vasgebind, aangerand en met messe gedreig. Die rowers is vasgetrek met R30 000 kontant, vier selfone en twee horlosies in hul besit. Dié twee rowers het Maandag, 18 Augustus in die hof verskyn.

SAPD bekamp misdaad

Berig: Annemarie Munnik

LUTZVILLE: Die SAPD in samewerking met die Public Order Police het Dinsdag, 19 Augustus huise in die Lutzville-area gevisenteer. Daar is beslaggelê op een onwettige vuurwapen met ammunisie, Tik, Mandraxtablette, onwettige koper, asook dagga wat nog moet verpak en moontlik versprei word. Vier persone is gearresteer en het Woensdag, 20 Augustus in die hof verskyn. Kaptein Van der Westhuizen van

Lutzville SAPD sê dit gee haar groot vreugde as sy weet dat die stasie suksesse teen die stryd wat hul daagliks veg, behaal.





VACANCY

Cape Lime Vredendal has a vacancy for a: **Fitter & Turner**

Are You a Young, Driven Fitter & Turner Eager to Grow Your Career in a Fast-Paced, Dynamic Environment?

Afrimat - Cape Lime invites applications for a young and energetic Fitter & Turner to join our maintenance team responsible for process plants. This role demands a proactive attitude, eagerness to learn, the ability to think outside the box, and a strong commitment to our core values of Trust, Accountability, Integrity, Teamwork, Respect, Safety, and Customer Satisfaction.

Minimum Qualification / Experience:

- Red Seal **Fitter & Turner** trade certificate with N2 certificate (**mandatory**)
- Age between 24 and 30 years (**mandatory**)
- Must have broad knowledge and experience on conveyer belts, gearboxes, screw conveyor, bucket elevators and different types of crushers.
- Ability to work independently and as part of a team, with a strong work ethic and commitment to excellence.
- 12 years mining or heavy industry experience advantageous but not essential; attitude and eagerness to learn are paramount
- Own tools including Lath measuring instruments (**mandatory**)
- Computer literacy (MS Office Suite) and
- Good knowledge of all types of welding and metals (**mandatory**)
- Position carries a 2.9.2 Legal Appointment as per mining regulations (**mandatory**)

Duties and responsibilities (not limited to):

- Meet with the Maintenance Manager and Production staff to discuss maintenance/engineering breakdowns in the plant.
- Perform fault-finding, troubleshooting, and repairs on mechanical equipment.
- Repair or replace defective equipment parts using hand tools and power tools as well as measuring instruments and reassemble equipment.
- Must have a broad knowledge of Conveyer Belts, Gearboxes, Bearings, Pumps, Crushers (4¼ cone crushers, Sandvik cone crushers, Metso HP crushers, Telsmith cone crushers, Osborn 44H, Jaw crushers, VSI Crushers) and Screens.
- Perform other maintenance actions, following checklists.
- Executing daily planned task maintenance (PM maintenance scheduling and ensures all mechanical equipment operates to required OPP's OEE's)
- Identifying root causes of mechanical dysfunction and repairing same using appropriate and cost-effective solutions.
- Fabricate parts on lath and conduct basic welding as required.
- Ensuring safe work practices and compliance with all safety, health and environmental (SHE) legislation specifically the Mine Health and Safety Act (MHS Act).
- Fine tuning plant maintenance and repair systems in conjunction with production and engineering staff to ensure optimal plant throughout whilst maintaining required level of plant safety.
- Completion of all required paperwork and submission of all required reports.
- Ensuring a good example of housekeeping, safety standards and leadership.

Physical Requirements:

- Must be a South African citizen (**mandatory**).
- Medically fit and certified by an Occupational Medical Practitioner to perform work on a mine in compliance with the Code of Practice and Mine Health and Safety Act (**mandatory**).
- Ability to work in a physically demanding environment, including standing, climbing, and manual handling.
- Maintain neatness, tidiness, and good housekeeping in the work area.
- Willingness to work in a fast-paced, dynamic maintenance team environment.

Please submit the following documents to apply:

- Comprehensive CV
- Certified ID copy
- Copy of highest qualification/s
- Copy of license

Closing date: 29 August 2025

Specify on application/email subject: Fitter & Turner

Send applications to: clrecruit@afriat.co.za

DISCLAIMER: By applying for this position and supplying Afrimat with your CV and other personal information, you are consenting to the information being used for recruitment purposes. This will be done in compliance with POPIA. We confirm that your information will not be used for any other purposes. Candidates must be medically fit in terms of the Mine Health and Safety Act and the Company standards for medical fitness. Afrimat is committed to fair and ethical recruitment practices that sustain the consistent delivery towards diversity and inclusion, effective performance and job engagement.

Only short-listed candidates will be contacted. The Company reserves the right not to make an appointment.

LENTE PIEKNIK

31 AUGUSTUS 2025

KAARTJES BESKIKBAAR:

DEBBIE 084 240 9839
ADRIAAN 083 425 0401
OF KLAWER WYNKELDERS

R400:

PIEKNIK BOKS VIR 2, SLUIT WYN IN

KINDER VERMAAK
LIVE MUSIEK
BRING SAAM:

KAMPSTOEL, SAMBREEL,
KOMBERS, SONBRIL,
SONSKERM EN HOED



KLAWER NG KERK

2025

VREDENDAL TEHUIS VIR BEJAARSDS BASAAR



23 AUGUSTUS

Begin om 09:00

PANNEKOEK
VARS GROENTE
ETE'S
KINDERTAFEL

VREDENDAL TEHUIS

HOOF NUUS

Waar om blomme te besigtig

Berig en foto: Annemarie Munnik

HANTAM/NAMAKWA/WESKUS: Dié jaar is een van die uitstaande blomme-jaar, alhoewel die afgelope twee jaar ook besonders was. Die jaar het net met 'n groter "bang" weggespring, dit volgens Mike Spies van Namaqua Toere.

Al vanaf 3 Julie was daar reeds plate blomme by Springbok. Met al die opvolgreën en ten spyte van die paar warm dae met oostewind, het die omgewing die perfekte weersomstandighede, met die gevolgtrekking dat die blomme net kan floreer.

Spies sê Vanrhynsdorp se blomme is amper op hul piekstadium vir die seisoen. Garies en Springbok is ook op sy piek, maar Nieuwoudtville nog nie.

Daar is nog genoeg blomme vir die wat nou wil kom blomme kyk en daar sal wees vir dié wat beplan om later te kom. Spies se voorspelling vir die seisoen is dat dit tot middel September kan duur.

Plekke wat tans mooi blomme het, is die Weskus Nasionale Park, en die omliggende omgewing van Dwarskersbos tot by Elandsbaai. Die Ramskop Natuurtuin in Clanwilliam het 'n groot verskeidenheid blomme. Selfs die Biedouwvallei se blomme is mooi, maar begin afgaan.

Nieuwoudtville, bolplant hoofstad van die wêreld lyk tans verstommend mooi. Matjiesfontein, suid van die dorp piek op die oomblik. Die glasoomagrietjies en satynblomme staan op dié plaas uit. Boe-

replaas se rooi en geel katsterte lyk besonders. Die Veldblom Natuurreservaat het ook van dié blomme. Die Hantam Botaniese Tuin het ook rooi katsterte, dié plant is endemies tot Nieuwoudtville, dieselfde met die rooi satynblomme en die pers kussinkies. Daar is ander blomme hier wat eers laat Augustus, begin September blom.

Maskam Gasteplaas is steeds die moeite-werd om te besoek.

Garies en Skilpad Natuurreservaat lyk steeds mooi. Die blomme langs die pad na Hondeklipbaai is pragtig. Dié omgewing raak net beter.

Spies sê Springbok-omgewing se blomme lyk die beste wat hy dit nog gesien het. Nababeep se blomme moet nog piek.

Die seisoen is in volle swang en die volgende twee tot drie weke is die beste tyd om in die area te wees.

Namaqua Toere het 'n inligtingspamflet oor die area uitgebring met 'n kaart en waar die blomme die meeste voorkom. Daar is ook 'n lysie wat besoekers verskillende spesies met hul volksname kan afmerk soos hulle dit sien.

'n Rooi katstert buite Nieuwoudtville.



Die lam is deur 'n hond doodgebyt.



'n Jakkals het die lam verskeur.

Landbouprodusente ly skade

Berig: Annemarie Munnik

Foto's: Verskaf

VANRHYNSDORP/ KOEKENAAP: Wanneer plaaslike landbouprodusente skape weens diefstal of roofdiere verloor, trek die gevolge deur die hele ekonomie - en dit gaan nie net oor 'n paar vermiste diere nie. Drie en veertig skape is tussen 19 Julie en 9 Augustus vanaf 'n plaas in die Vanrhynsdorp-area gesteel. Die geskatte waarde van die skape is R107 500.

In 'n ander voorval het 'n landbouprodusent tussen Koekenaap en Nuwerus die afgelope tyd deurgeloop onder honde wat uit die nabygeleë woonbuurt kom en natuurlik jakkalse. Hy noem dat die jakkalse alleen 16 lammers gevang het. Die honde is ook 'n alewige probleem, hulle het al ses lammers en een ooi doodgebyt, binne 'n kort tydjie. Dis ongeveer R40 300 se skade.

Elke gesteelde of dooie skaap kos 'n landbouprodusent duisende rande, maar die werklike koste is dieper. Hierdie verliese verminder inkomste uit vleis en toekomstige lammers. Landbouprodusente maak dikwels staat op daardie inkomste om vir plaaslike dienste te betaal of dit nou voer, veeartsenykundige sorg, heinings of die aanstelling van seisoenale werkers is. Wanneer skape vermis raak, verdwyn daardie geld uit die plaaslike ekonomie. Daar is ook stygende kostes. Landbouprodusente moet dikwels meer spandeer aan heinings, sekuriteitskameras of diere-wagte.

Uiteindelik is dit nie net landbouprodusente wat ly nie. Die hele plaaslike ekonomie kry 'n knou.



ONTDEK
Namaqualand

2025 DAG TOERE MET **Namaqua Toere**

Maksimum van 8 sitplekke beskikbaar per dag. Hierdie is 'n **voldagtoer** met 'n **toergroep**. Besprekings moet 24 uur voor die toer gemaak word. **Ingesluit:** ligte middagete, koffie, tee, vervoer, geregiereerde toergids.

Pryse as saam met Quantum bus ry

Volwasse (13 jaar en ouer) - R1300 per persoon per dag
Kinders (6-12 jaar) - R950 per persoon per dag
Kinders (onder 6 jaar) - R450 per persoon per dag

Selfry-opsie

Ons bied ook 'n selfry-opsie aan waar jy in jou eie voertuig agter die toerbuss kan ry. Daar sal 'n beperking van 2 voertuie per dag wees. Jy sal 'n tweerigtingradio ontvang en jou radio sal op dieselfde frekwensie as die bus gestel word, wat jou deel maak van die volledige ervaring. **Ingesluit:** ligte middagete, koffie, tee, geregiereerde toergids

Selfry prys

Volwasse (13 jaar en ouer) - R1 000 per persoon per dag
Kinders (6-12) - R650 per persoon per dag
Kinders (onder 6 jaar) - R250 per persoon per dag

2025 Datums

2 Augustus / 3 Augustus / 6 Augustus / 7 Augustus / 10 Augustus / 11 Augustus
12 Augustus / 15 Augustus / 16 Augustus / 17 Augustus / 21 Augustus / 22 Augustus
23 Augustus / 24 Augustus / 27 Augustus / 28 Augustus / 29 Augustus / 1 September
2 September / 3 September / 4 September / 7 September / 8 September
9 September / 13 September / 14 September / 17 September / 18 September

Ons sal die vertrektyd en die rigting waarin ons sal reis die dag voor die toer bevestig. Die toer sal ongeveer tussen 17:00 en 18:00 eindig, alles afhangende van die weer, die rigting waarin ons reis en waar die blomme op hul beste is. Ons beveel aan dat u verblyf op Vanrhynsdorp of enige van die omliggende dorpe bespreek die aand voor die toer begin, sowel as die aand waarop die toer eindig.

Namaqua Lodge bied buffet- styl ontbyt en aandete op hierdie datums. Laat weet ons asseblief as u by die groep wil aansluit vir ontbyt of aandete sodat ons 'n bespreking kan maak.

Vertrek vanaf
Namaqua Lodge
Vanrhynsdorp

KONTAK ONS KANTOOR VIR BESKIKBAARHEID

027 219 1633

info@namaqualodge.co.za

TRONOX

REQUEST FOR TENDER

INTERNAL DELIVERY TRANSPORT SERVICES AT THE BRAND-SE-BAAI MINE SITE

Tronox Mineral Sands (Pty) Ltd (Tronox) invites qualified vendors to submit prequalification documentation for a tender to provide Internal Delivery Transport Services at the Brand-se-Bai mine site.

SCOPE OF WORK SUMMARY

Tronox seeks a service provider to:

- Deliver stock and non-stock equipment across operational areas from 08:00 to 16:00, with after-hours support for breakdowns and housekeeping.
- Provide a 4x2 and a 4x4 vehicle with a 6-meter flatbed and lifting device with lifting truck mounted crane behind the cab.
- Ensure each delivery includes a driver and a assistant with basic rigging..

PERSONNEL REQUIREMENTS

- Truck Drivers: Valid heavy-duty license, experience, safety, and emergency handling skills.
- Assistant with Basic Rigging: experience, knowledge of rigging operations, and safety protocols.
- Forklift Drivers: experienced, skilled in confined space operations and load handling. -1.4 Ton battery-operated and 5-7 Ton Diesel-operated Forklifts
- Supervisor: supervisory experience, SAMTRAC intro qualification

MANDATORY RETURNABLE DOCUMENTS

- Company profile with contact details
- CVs and certificates of key staff
- Project references (Western Cape preferred)
- Valid tax clearance and BBBEE certificate/affidavit (**Preference for 51% black women or youth-owned businesses**)
- Letter of Good Standing (WCA/COIDA) – **SMMEs may submit proof of application**
- Public Liability Insurance (R10 million minimum) – SMMEs may register and fulfill later
- **Preference will be given to local vendors in the mine's area**

Only vendors who meet all criteria and submit the required documents will be invited to tender. This may be followed by an interview process.

Interested parties must register with the Senior Contract Specialist, Lauren Berman e-mail address: lauren.berman@tronox.com by forwarding documentation as proof of abovementioned pre-qualification criteria on or before **29 August 2025**.

Tronox does not bind itself to accept any commitments or perceived expectations created through this request for information, nor to assign any reason for rejection of a contractor's submission. Tronox has committed itself to proactive initiatives to ensure constructive participation by Historically Disadvantaged South African people in various Tronox business opportunities. Through issuing this enquiry, Tronox encourages a fair competition opportunity and will embrace or give preference in terms of the Tronox Preferential Procurement Policy and related law and regulations to suppliers with proven capacity that have strong BEE credentials.

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2025

Stuur gerus 2025 se datums
na info.onskontrei1@gmail.com

VANRHYNSDORP:

Blommemark

NG Kerkzaal

1 Augustus tot 5 September

Maandae tot Saterdag

09:00 - 16:00

NIEUWOUDTVILLE:

Blommemark

NG Kerkzaal

7 Augustus tot 13 September

Maandae tot Saterdag

09:00 - 16:00

CLANWILLIAM:

Raffle Fundraiser

Sederville Tehuis vir Bejaardes

Vrydag, 29 Augustus

13:00

Kontak 027 482 2330

CLANWILLIAM:

Clanwilliam Veldbomme Skou

NG Kerkie Hoofstraat

29 Augustus tot 7 September

Daaglik 08:30 tot 17:30

R100 per persoon

KLAWER:

NG Kerk Lente Piekniek

Sondag, 31 Augustus

Kontak: 084 240 983

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei

Ons mense se koerant

UITGEWERS:

Riaan Oberholzer

Marinda Oberholzer

REDAKSIE:

Annemarie Munnik 082 657 3182

edit.onskontrei1@gmail.com

Mariaan Smuts 082 926 9934

(Cederberg) maaitjie@isales.co.za

GRAFIESE ONTWERPER:

Marieta Swanepoel

info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:

Annemarie Munnik 082 657 3182

ads2.onskontrei@gmail.com

Matzikama-area

Mariaan Smuts 082 926 9934

maaitjie@isales.co.za

Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:

Desiree van Wyk 027 213 2074

Acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer

Elke dag ontmoet ons baie mense. Die meeste ontmoetings is alledaagse roetine. Die kommunikasie neem meestal die vorm van clichés aan. So deel ons 'n groot deel van ons week met ander mense wat nie noodwendig en in elk geval nie deurlopend ons lewe beïnvloed nie. Hulle is maar net daar: kennisse, kollegas, medelidmate en terloopse vriende. Die gevaar is dat wanneer ons iemand gereeld sien of ontmoet, hierdie ontmoetings bloot momente in 'n gejaagde lewe kan word. Dit mag egter nie gebeur wanneer ons die belangrikste persoon in ons lewe ontmoet nie. Daarom begin elke erediens met die votum. Deur hierdie oënskynlik onbe-

langrike roetinehandeling word ons herinner aan die doel van die gemeente se ontmoeting met God. In 'n feestelike atmosfeer word die volk opgeroep om God te loof en te eer.

Die grootsheid van 'n ontmoeting met Hom word beklemtoon indien ons steeds beseft Wie Hy is en wat ons verhouding met Hom is.

In die psalm word dit verwoord in die pragtige metafoor van 'n Herder wat omsien na sy skape. Hy is dus die almagtige God van wie ons hele bestaan afhanklik is. 'n Tweede perspektief word egter bygevoeg. Ons ontmoeting met Hom kan nie sinvol wees indien ons nie in gehoorsaamheid

aan Hom leef nie. Dan beteken ons lofverheffing en nederige eerbetoon letterlik niks.

Die ontmoeting met God mag dus nooit maar net blote roetine word nie. Dit bly spesiaal omdat dit my krag gee om die res van die week in sy teenwoordigheid te leef.

Psalm 95:1 en 4 (Afrikaanse Vertaling 1953) "Kom, laat ons jubel tot eer van die Here, laat ons juig ter ere van die rots van ons heil! In wie se hand die diepste plekke van die aarde is, en die toppe van die berge is syne."

Dominee Dirk Pansegrouw

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na:

redakteur.onskontrei1@gmail.com

en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie.

Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Eiendom sonder toestemming verkoop

Ek skryf hierdie brief omdat my oorlede ma se huis sonder ons medewete verkoop is, en ek nou met my drie kinders in 'n sinkhuis sit. Ek dien tans as eksekuteur van haar boedel, met 'n Letter of Authority van die Hooggeregshof in Kaapstad. Voor haar afsterwe het my ma aansoek gedoen vir die titelakte van haar huis. Die munisipaliteit het dié aansoek aanvaar en hul eie prokureur het selfs 'n kontrak opgestel tussen my ma en die huurder. Tog het Matzikama Munisipaliteit, tydens die vorige raadsperiode, besluit om die huis aan die huurder te verkoop sonder ons toestemming of raadpleging. Nou beweer die munisipaliteit dat die eiendom nooit my ma sin was nie juis noudat ons, as haar kinders, wou intrek. Hierdie

teenstrydigheid laat ons sonder antwoorde en sonder 'n regverdigde oplossing.

Ons leef in onsekerheid, want ek weet nie wanneer ek en my kinders die plek waar ons tans woon, moet verlaat nie. Ek het reeds verskeie instansies genader vir hulp, maar word telkens weggewys.

Ek vra dringend dat hierdie saak ondersoek word en dat die regte van my ma se boedel beskerm word. Eiendomsake moet regverdig en volgens die wet hanteer word.

Janine Jonas

Ons Kontrei het navrae rakende die saak aan Matzikama Munisipaliteit gerig, maar teen druktyd geen terugvoering ontvang nie.

Gimnasium-opgraderings bevorder welstand en gemeenskapsbande

Berig: Persverklaring

LOERIESFONTEIN: Loeriesfontein Gemeenskapsgimnasium is meer as net 'n fiksheidsentrum, dit het 'n lewendige spilpunt vir welstand, persoonlike groei en betekenisvolle sosiale verbintenis geword. Sedert die opening in Desember 2024, het die gimnasium voortdurend ontwikkel tot 'n ruimte wat transformasie inspireer, selfvertroue bou en gemeenskapsbande versterk. Met die onlangse toevoeging van nuwe toerusting en digitale opgraderings, verbeter die gimnasium sy daaglikse doel en ondersteun dit terselfdertyd langtermyn-volhoubaarheid- en holistiese ontwikkelingsdoelwitte. Die gimnasium funksioneer nou vanuit 'n moderne, ruim fasiliteit en verwelkom daaglik meer as 40 gemeenskapslede - van tieners so jonk as 14 jaar tot seniors van 75 jaar oud. Dit bring lede van die plaaslike SAPD, studente, professionele persone en kontrakwerkers bymekaar om saam te oefen - wat dit werklik 'n inklu-

siewe ruimte maak vir alle ouderdomme en fiksheidsvlakke.

"Die Loeriesfontein Gemeenskapsgimnasium is meer as net 'n plek om te oefen - dit is 'n ruimte waar jong mense ondersteuning, mentorskap en 'n gesonde uitlaatklep vir die uitdagings van die lewe vind. Hier gaan oefening hand aan hand met emosionele welstand, wat help om die gemeenskap op alle vlakke sterker te maak," sê Vanessa Fredericks, Ekonomiese Ontwikkelingsbestuurder vir Loeriesfontein en Khobab-windkragaanlegte, wat die projek befonds.

Na afloop van 'n rekenaargeletterdheidskursus wat deur die personeel voltooi is, het die gimnasium 'n digitale opgradering ondergaan wat 'n skootrekenaar, drukker en digitale kantoor benodigdhede insluit. Dit help om daaglikse administrasie te verbeter en is in lyn met die gimnasium se "groener" inisiatief, wat daarop gemik is om meer omgewingsvriendelik te word deur papierverbruik rekordhouding te verminder.



Die gimnasium word ten volle deur inwoners benut.



Douw en Isabelle Prins op hul trou-dag.

Sestig genadejare

Berig: Annemarie Munnik

Foto: Verskaf

VREDENDAL: Genadejare, dit is hoe Douw (83) en Isabelle (79) (neé Stone) Prins hul 60ste huwelikshedenking beskryf.

Douw oorspronklik uit Nuwerus se wêreld en Isabelle uit Karoovalakte het in haar matriekjaar in 1963 ontmoet. Douw se suster en Isabelle was saam op skool. Isabelle was in die hospitaal na 'n blindedermoperasie en hulle het haar besoek. Daarna is hulle na 'n 21ste verjaardagdans. Die res is geskiedenis.

Hulle is op 28 Augustus 1965 deur dominee Pienaar in die NG Kerk Vredendal getroud.

Die Prins-egpaar het drie kinders, agt kleinkinders en twee agterkleinkinders. Isabelle sê ongelukkig sal hulle nie die tweetjies weer kan vashou nie, omdat een in Australië en die ander in Nieu-Seeland is. Die vlugte op hulle ouderdom is te lank.

Isabelle sê haar raad vir 60 jaar is, "uithou, aanhou en bekhou." Douw sê dis groot genade. Sy sê as daar rusie tussen die twee was, dan dink sy, sy sou nooit weer met hom trou nie. Nie lank nie, dan het sy daarvan vergeet, dan gesels hulle weer land en sand, skoon vergeet waaroor daar gestry is. Douw sê spottenderwys die eerste 50 jaar is die moeilikste. Elke huwelik het rusie, maar mens moet daardeur werk. Geen huwelik is perfek nie, dis net die Here se genade wat hul so lank seën.

INDEKS**Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings**

1. GELUKWENSING
2. STERFGEVALLE
3. IN MEMORIAM
4. BEDANKINGS
5. LENINGS
6. DIENSTE
7. DAGSORG
8. EETGOED
9. BETREKKING
10. GESOEK
11. VERLORE / VERMIS
12. ALGEMEEN
13. BOTE / DIUK-TOERUSTING
14. LEWENDEHAWE
15. TROETELDIERE
16. GESOEK / BENODIG
17. MEUBELS
18. MUSIEK-INSTRUMENTE
19. RADIO / TV / VIDEO
20. TUINBOUDIENSTE
21. JUWELIERSWARE
22. BESIGHEIDS-GELEENTHEID
23. SPORTTOERUSTING
24. VAKANSIE
25. AKKOMMODASIE
26. REKENAARS
27. KANTOOR-TOERUSTING
28. BOUMATERIAAL
29. BOUWERK / VERF
30. VERVOER
31. AKKOMMODASIE
32. TE HUUR
33. SEKURITEIT / WAPENS
34. FIETSE
35. MASJINERIE/IMPEMENTE
36. ONDERDELE / ENJINS
37. MOTORHERSTELWERK
38. SLEEPWAENS
39. MOTORFIETSE
40. WOONWAENS
41. VOERTUIE
42. EIENDOM
43. BETREKKINGS
44. BLINDINGS
45. ELEKTRIESE-WARE
46. GRASSNYERS
47. TE KOOP
48. TE RUIL



PASELLA ADS
IS GRATIS
Geen handelaars
mag hier adverteer.
Slegs 10 woorde per
advertensie word toegelaat.

TE KOOP: Essential 2 plaat
stofie met oond, soos nuut
@R750, 073 723 3389.

**Vir die druk
en ontwerp van
boeke kontak
ons gerus.**

**PROTEA
DRUKKERY**

Sentraalstraat 8,
Vredendal
Tel: 027 213 2074
of stuur u
inligting na
info.onskontrei1.co.za

**Lees
Ons Kontrei
aanlyn by
www.onskontrei.co.za**

**Wil jy graag
weet wat gebeur
in die omgewing?
Besook dan gerus
ons aanlyn-
kalender by
www.onskontrei.co.za**

**ODD
JOBS**
TEL. & FAKS:
027 213 2968
Sel: 082 690 0984

Ons doen:
♦ Bouwerk - Steen & pleister
♦ Afdakke - hout & staal
♦ Bou van heinings
(Vibracrete & Staal)
♦ Algemene loodgieter werk
♦ Teël van vloere & mure
♦ Installeer en herstel van
plafonne, dakke en kosyne
♦ Herstel en lê van plaveisel

KENNIS- GEWING

Vir plasing van
kennisgewings,
tenders, veilings,
betrekkings,
gelukwensings,
bedankings
of enige ander
advertensie.

E-pos u
inligting na
info.onskontrei1@gmail.com
of skakel
027 213 2074

Juniorkoor trotseer pawiljoen dapper

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Hoërskool Vanrhynsdorp se juniorkoor het op Saterdag, 9 Augustus aan die kwarteindronde van Matzi's Got Talent in Bitterfontein deelgeneem. Die groep het vroegoggend per bus vertrek en met groot opgewondenheid by die geleentheid aangekom. Met die aankoms het die leerders, alombekend as die "klein Rhynies", die koue pawiljoen dapper trotseer. Die juniorkoor het soos kampioene gesing en met hul puik uitvoering hul plek in die halfeindronde verseker. Hierdie halfeindronde vind plaas op 6 September in Vanrhynsdorp. "Ons is uiters trots op die koorlede se toewyding, positiewe gesindheid en talent, en sien uit daarna om hulle weer in aksie te sien," aldus die personeel.



Hoërskool Vanrhynsdorp se juniorkoor.

CSS neem deel aan Klawer Kunste

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf



LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATE LYING FOR INSPECTION OF

JOHANNA CATHERINA HAYES

In the Estate of the late **JOHANNA CATHERINA HAYES**, ID number 600902 0063 082 last address 19 **SKOOL STREET, LAMBERTSBAAL, 8130**. Date of death: 31 December 2024. Estate number: 2703/2025

The **FIRST AND FINAL** Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 22 August 2025 at the office of the Master of the High Court CAPE TOWN and the Magistrate's Office, **CLANWILLIAM**.

JANÉL KRUGER
(ID. No: 720801 0041 087)
81 PROTEA STREET
DANA BAY, 6510

Chriswill Kotzé, Kiesha Galant, Lekisha Samson en Jero'lin Johnson.

CLANWILLIAM: Clanwilliam Senior Sekondêr het op 1 Augustus aan die Klawer Kunst deelgeneem. Vier van Marika Williams se leerders het dubbelgoud by die geleentheid verwerf. Chriswill Kotzé het aan Voordrag deelgeneem. Kiesha Galant aan Voordrag en Poetry, Lekisha Samson aan Poetry en Jero'lin Johnson aan Prosa.

SUPER SMALLS

R900 + BTW vir 4 plasinge
Spesiale aanbod:
Betaal 10 plasinge en kry 2 gratis plasinge.
Kontak 027 213 2074

VREDENDAL TEHUIS VIR BEJAARDES CLOSE THE GAP CAMPAIGN - TUISVERSORGING

**VAKANTE POS
PROFESIONELE VERPLEEGSTER**

KWALIFIKASIES: R425/R683/R171/R174 asook 'n geldige rybewys, Rekenaargeletterd, uitstekende skryfvaardighede, goeie kliënteverhoudinge, goeie taalgebruik, vertroulikheid te alle tye.

WERKSURE: Maandae tot Vrydae vanaf 08:00 - 16:30, (5 Maande kontrak, 1 September 2025 - 31 Januarie 2026).

SLUITINGSdatum: 25 Augustus 2025

Handig CV in by:
Vredendal Tehuis vir Bejaardes
Ontvangs
Voortrekkerstraat 39, Vredendal
admin@vredendaltvb.co.za

VREDENDAL TEHUIS VIR BEJAARDES CLOSE THE GAP CAMPAIGN - TUISVERSORGING

**VAKANTE POS
ADMINISTRATIEWE/DATA KLERK**

KWALIFIKASIES: Senior Sertifikaat en rekenaargeletterdheid. Die persoon moet in staat wees om te help met administratiewe en data bestuurs take en moet dus toepaslike taal-, kommunikasie- en rekenaarvaardighede hê om instruksies te verstaan en dit uit te voer. Fasiliteits gebonde.

WERKSURE: Maandae tot Vrydae vanaf 08:00 - 16:30, (5 Maande kontrak, 1 September 2025 - 31 Januarie 2026).

SLUITINGSdatum: 25 Augustus 2025

Handig CV in by:
Vredendal Tehuis vir Bejaardes
Ontvangs
Voortrekkerstraat 39, Vredendal
admin@vredendaltvb.co.za



Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die **ONS KONTREI** verskyn het mag sonder verloop van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se redaksie deel nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie. Uitgegee deur Protea Drukkery, Sentraalstraat 8, Vredendal 8160.

Uitgewer:
Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

Jaarlikse Finbond Kunsuitstalling

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Die jaarlikse Finbond Kunsuitstalling het Dinsdag, 12 Augustus by Clanwilliam Toerisme plaasgevind.

Eerwaarde Goliath open met skriflesing en gebed. Die Rieldansers van Elizabethfontein Primêr het almal verras met hul vernuftige danspassies.

Wiesa Swartz sê dis 'n voorreg om soveel talentvolle mense, kunstenaars, onderwysers, ouers en dromers wat elkeen bygedra het tot die kleur en kreatiwiteit van die gemeenskap te verwelkom. Swartz sê by Finbond Kunssentrum sien hulle iets besonders gebeur. "Dis nie net tekeninge of skilderye nie, dis visie, vaardigheid en die wonderlike vermoë om met jou hande iets te skep wat ander kan sien, ervaar en bewonder." Sy noem dat jong mense nie net leer om met hulle hande te werk nie, maar ook sonder woorde kan praat. Swartz sê verder Clanwilliam met sy ryk geskiedenis en natuurlike skoonheid is 'n plek waar inspirasie om elke hoek lê en waar 'n kind 'n stuk klei in 'n storie kan omskep of met kleur en potlood iets teken wat die siel aanraak.

Swartz bedank die ouers en ondersteuners dat hulle die kinders aanmoedig om hul gawes te ontdek en te ontwikkel. Sy bedank ook die span van Finbond vir hulle volgehoute werk en toewyding en al die borge vir die pryse.

"Moenie ophou skep nie, moenie ophou glo in die waarde van jou handewerk nie en moenie ophou om jou wêreld kleur te gee nie," sê Swartz.

Agt en twintig kinders van Elizabethfontein Primêr, Augsburg Landbouginnasium, La Montenara, Sederberg Primêr, Cederberg Akademie en tuisonderrig leerders het aan die kompetisie deelgeneem. Die beoordelaars was Marika Williams, Leandri Cillie en Mynie Kotzé.

In die graad 1 tot 3 afdeling het Emily Cooper, graad 3 van La Montenara 'n 1ste plek en dubbelgoud verwerf. In die graad 4 tot 7 afdeling het Anna Frazer, 'n graad 6 tuisonderrig leerder 'n 1ste plek en dubbelgoud verwerf. In die graad 8 tot 12 afdeling het Wilston September, graad 10 van Cederberg Akademie 'n 1ste plek en dubbelgoud verwerf.



Maskam Primêr leerders wat aan die Klawer Kunste deelgeneem het.

Leerders skitter by Klawer Kunste

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Die jaarlikse Klawer Kunste, wat op 1 Augustus in Klawer aangebied word, is 'n fees waarna Maskam Primêr se talentvolle leerders elke jaar uitstaan.

Met 73 inskrywings in die kategorieë: Voordrag, Poetry en Visuele Kuns, het die skool se leerders die volgende toekennings verower:

Die grondslagfase leerders pronk met ses dubbelgoud, nege goud, agt silwer en vier blou toekennings in die Voordrag en Poe-

try afdelings. Die intermediêre en seniorfase leerders het in die Voordrag en Poetry afdelings die volgende toekennings ontvang: twee dubbelgoud, nege goud, elf silwer, drie blou en een deelname toekenning. By Visuele Kuns het die leerders vier dubbelgoud, agt goud, ses silwer en twee blou toekennings verower.

"Ons is ongelooflik trots op ons leerders en sien baie uit na volgende jaar se Klawer Kunste," aldus die personeel.



Al die deelnemers saam met van die borge, Finbond personeel en Toerisme bestuur.

Spellers deur na volgende ronde

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Leerders van Laerskool Olifantsvallei het aan die WOW Spel Kring kompetisie te Sederberg Primêr deelgeneem.

Die distrikskompetisie word op Dinsdag, 26 Augustus gehou. Leerders sal later in kennis gestel word die kompetisie plaasvind.



Wenners van medaljes: Agter is Rikus Cornelissen, Jacquin Mentoer, Olwakhe Sinxo, Mari van der Merwe en Frances van der Merwe. Voor is Handré Wolmarans, Richia Karolus, Lasea van der Merwe, Brinley Lottering en Garnet Halfcrown.



Cape Lime Vredendal has vacancies for:

Earth Moving Vehicle Operator (Minimum 2)

Minimum Qualifications / Experience:

- Grade 12
- Driver's license code 11 or 14
- Must be skilled in ADT and or Excavator and or Front-End Loader

Physical Requirements

- South African Citizen
- Must be able to work well within a diverse team as well as under pressure
- Excellent communication and coordination skills
- Be able to speak Afrikaans and / or English
- Must be medically fit to work on a Mine
- Must be willing to work in hot and dusty conditions
- Must be willing to work overtime and shifts
- Own transport.

Training programme will include:

- Afrimat Induction; Mine Health and Safety Introduction; Environmental Management
- Introduction to Human Resources procedures and Policies
- Training in completing quality pre-start vehicle checks and inspections

Closing date: 29 August 2025

Please forward your application to: clrecruit@afrimat.co.za

Should you not hear from us within 15 days of the closing date, please consider your application as being unsuccessful.

Due to legal obligations, preference will be given to African male applicants.

Afrimat is committed to fair and ethical recruitment practices that sustains consistent delivery towards diversity and inclusion, effective performance and job engagement.

Only short-listed candidates will be contacted. The Company reserves the right not to make an appointment.



Dorpstraat, Vredendal
027 213 3249

**Kort op kontant?
Ons kan help!**

Om te sien of u kwalifiseer bring die volgende dokumente

SASSA Trekkers:

ID afskrif, betaalstrokie

Salaris Trekkers:

ID afskrif, salarisstrokie &

3 maande bankstaat

*Terme en Voorwaardes geld



MATZIKAMA MUNICIPALITY

VACANCY

**Financial Internship: 2 year contract
(3 vacancies) – Vredendal**

Closing date: 5 September 2025

The full advertisement and application form is available on the Municipality's website at www.matzikamamunicipality.co.za

**LJ PHILLIPS
MUNICIPAL MANAGER**

Reference: V13/2025

**MUNICIPAL OFFICES
KERK STREET 37,
VREDENDAL 8160
TEL: 027 201 3300**

www.ayandambanga.co.za

Rugbyspeler presteer

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Guoff Resandt (foto) van Laerskool Olifantsvallei is gekies vir die O/12 Wes-Boland rugbyspan.

Hy neem op 22 tot 23 Augustus aan die Bolandproewe te Wellington deel.



SKOLE NUUS

Skryfskool slyp toekomstige skrywers

Berig en foto: Verskaf

LUTZVILLE: Dertien van Hoërskool Lutzville se hoërskoolleerders het Vrydagmiddag, 8 Augustus die ATKV-Skryfskool bygewoon wat deur Anzil Kulsen aangebied is. Kulsen is 'n bekende skrywer uit Uppington en het al verskeie jeugromans en kortverhale gepubliseer. Sy het die groep oor alle aspekte van die skryfwêreld ingelig, en verskeie skryfoefeninge laat doen. Die skool kan beslis uitsien na een of meer pryswenner-skrywers uit hierdie groep!



Die leerders saam met Anzil Kulsen.

'n Eerste vir Booyseendal Primêr

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Ses graad R leerders van Booyseendal Primêr het op Maandag, 28 Julie deelgeneem aan die Eisteddfod waarvan een dubbelgoud, twee goud en drie silwer ontvang het. Op Vrydag, 1 Augustus het dié skool vir die eerste keer deelgeneem aan Klawer Kunste. Een en twintig leerders het deelgeneem en die volgende is behaal: vier dubbelgoud, vier goud, nege silwer en vier blou. Die skool is trots op die leerders.



Leerders spog met hul sertifikate saam met juffrou Herine Stewe.

Mannetjie Kampioenskappe

Berig: Verskaf


CEDERBERG/MATZIKAMA: Die afgelope naweek was dit die duiwe se Mannetjie Kampioenskappe vanaf Hopetown. Die weersomstandighede was perfek en die duiwe is om 7:30 oopgemaak. Maklik was dit beslis nie, maar die span het hulle beste vir hulle hokke en eienaars gegee. Die federasie is loshande gewen deur Spammer van Clanwilliam met 'n wenspoed van 1168m/m, en neem ook die 2de plek in. Boesman Gilomee van die Lutzville klub is in die 3de plek. Spammer word ook dan van-

jaar gekroon as wenner van die be-trokke kampioenskap. Tans is Baard hokke van die Lutzville klub die algehele voorloper op die punteleer, gevolg deur Buys hokke van Vredendal in die 2de plek, J&S Agenbach van Lutzville beklee tans die 3de posisie gevolg deur Valentine Loft van Vredendal. J&S Agenbach wen vandeeweek se federasieprys. Eerskomende naweek is dit die wyfies wat hulle staal sal moet wys vanaf Hopetown.

Beste akteur en aktrise aangewys

Berig en foto: Verskaf

KLAWER: Steilhoogte Primêr het op 8 Augustus die jaarlikse Dans en Drama Fees (DD in Steil) aangebied. Leerders van verskeie skole het in die afdelings vir Toneelproduksies, Danse, 'Cheer-leading' en Spreekkoor deelgeneem. Anrika Warne se toneelgroep van Steilhoogte, wat ook gehore in Mei vanjaar met 'Plaaskind' vermaak het, het twee produksies vir die fees ingeskryf. 'n Graad 7 leerder, Marissa Hoffmeester, wat in albei die produksies 'n rol vertolk, het met die toekenning van Beste Aktrise weggestap. Die Beste Akteur vir 2025, is Jero'lin Johnson, 'n graad 10 leerder van Clanwilliam Senior Sekondêr. Hy het 'n rol in 'Babelelo' vertolk, onder die bekwame leiding van Marika Williams.



Marissa Hoffmeester en Jero'lin Johnson.

"Don't bury your talents. The world needs what only you can give." –

**VACANCY**

Career Opportunity

Millwright (Electrical & Automation Focused)
but not limited to, based in Vredendal

Are you a young, driven Millwright eager to grow your career in a fast-paced, dynamic mining environment?

Afrimat - Cape Lime invites applications for a young and energetic Millwright to maintain two plants and assist with cutting-edge PLC and SCADA automation projects. This role demands a proactive attitude, eagerness to learn, the ability to think outside the box, and a strong commitment to our core values of Trust, Accountability, Integrity, Teamwork, Respect, Safety, and Customer Satisfaction.

Please Note: Only applications meeting the mandatory requirements will be considered. If you do not comply, your CV will not be reviewed.

- Minimum Qualification / Experience**
- Red Seal Millwright Trade Certificate (*mandatory*).
 - Valid Code EB or higher driver's license (*mandatory*).
 - Age between 24 and 30 years (*mandatory*).
 - Own tools including multi-meter and clamp meter (*mandatory*).
 - Basic PLC programming and SCADA integration knowledge preferred (*mandatory*).
 - Must have broad knowledge and experience on conveyor belts, gearboxes, screw conveyor, bucket elevators and crushers.
 - Ability to work independently and as part of a team, with a strong work ethic and commitment to excellence.
 - 12 years mining or heavy industry experience advantageous but not essential; attitude and eagerness to learn are paramount.
 - Computer literacy (MS Office Suite) and basic welding ability (*mandatory*).
 - Position carries a 2.9.2 Legal Appointment as per mining regulations (*mandatory*).

- Duties and Responsibilities**
- Maintain mechanical, electrical, PLC automation, and instrumentation systems across two plants.
 - Plan, install, wire, and program new PLC systems with SCADA integration in collaboration with the Senior Electrician.
 - Perform fault-finding, troubleshooting, and repairs on mechanical and electrical equipment.
 - Fabricate parts and conduct basic welding as required.
 - Order parts and equipment as needed to ensure uninterrupted plant operation.
 - Complete all required documentation, including inspection sheets and maintenance logs.
 - Adhere strictly to safety protocols and contribute to maintaining a safe working environment.
 - Participate in overtime and standby duties on a rotational basis.
 - Comply with the Mine Health and Safety Act (MHSA) and promote a safe work environment.
 - Good knowledge of hazard identification, risk assessments, and safety audits per MHSA requirements.

- Physical Requirements**
- Must be a South African citizen (*mandatory*).
 - Medically fit and certified by an Occupational Medical Practitioner to perform work on a mine in compliance with the Code of Practice and Mine Health and Safety Act (*mandatory*).
 - Ability to work in a physically demanding environment, including standing, climbing, and manual handling.
 - Maintain neatness, tidiness, and good housekeeping in the work area.
 - Willingness to work in a fast-paced, dynamic maintenance team environment.

- Please submit the following documents to apply:**
- Comprehensive CV (*mandatory*)
 - Certified ID copy (*mandatory*)
 - Certified Qualification (*mandatory*)

Closing date: 29 August 2025
Specify on application/email subject: Millwright - Vredendal
Send applications to: clrecruit@afrimat.co.za

DISCLAIMER: By applying for this position and supplying Afrimat with your CV and other personal information, you are consenting to the information being used for recruitment purposes. This will be done in compliance with POPIA. We confirm that your information will not be used for any other purposes. Candidates must be medically fit in terms of the Mine Health and Safety Act and the Company standards for medical fitness. Afrimat is committed to fair and ethical recruitment practices that sustain the consistent delivery towards diversity and inclusion, effective performance and job engagement.
Only short-listed candidates will be contacted. The Company reserves the right not to make an appointment.

Vanrhynsdorp parkrun/walk

5km stap of draf
Saterdag
om **8:00**
Letsatsi Lodge

Registreer by
www.parkrun.co.za/vanrhynsdorp



Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074 Ons mense se koerant

AKTUELE NUUS

22 AUGUSTUS 2025

**Adverteer
dit werk!**
Skakel ons
kantoor vir meer
inligting,
027 213 2074

100ste Velskoendraai parkrun in Clanwilliam

Berig: Mariaan Smuts
Foto's: Billy-Jean

CLANWILLIAM: Die Velskoendraai parkrun het Saterdag, 16 Augustus hul 100ste byeenkoms met groot geesdrif gevier. 'n Totaal van 142 deelnemers het opgedaag om die 5 km roete tussen die lemoenbome te stap of te draf. Elke deelnemer het teen sy eie pas, maar as deel van die gemeenskapservaring gestap/gedraf. Dit is 'n nuwe rekord vir die meeste deelnemers nog, wat die vorige rekord met drie oortref.

Onder die deelnemers was 'n groot groep ouers en kinders van Capespan, leerders en onderwysers van Elizabethfontein Primêr en lede van die plaaslike skaakklub. 'n Hoogtepunt was die verwelkoming van 21 deelnemers vanaf Letsatsi parkrun, terwyl Vredendal parkrun hul ondersteuning gewys het deur as vrywilligers te help. Dit was 'n voorreg om deelnemers vanaf Table View, Calvinia, Stellenbosch, Brackenfell, Langebaan en ander dorpe te ontvang. Die organiseerders sê dit was 'n ekstra toerisme inspuiting vir die dorp en area.

Alhoewel die parkrun nie oor wen gaan nie, het Irshlyn Koopman, Jaydon Baron, Teshwill Andrew en Ricardo Koopman bykans gelyktydig oor die wenstreep getree in 'n indrukwekkende tyd van 21:02. Daar

was 74 deelnemers wat vir die eerste keer deelgeneem het, terwyl 15 deelnemers hul persoonlike beste tyd verbeter het. Die Velskoendraai parkrun vind elke Saterdag plaas en is 'n gratis, gesinsvriendelike geleentheid. Of jy stap of draf, bly dit vir almal die kans om fiks te bly en 'n gesonde leefstyl in 'n veilige omgewing te bevorder.



Organiseerders en vrywilligers.

Young Roslyns bestuur maak geskiedenis

Berig en foto: Verskaf

EBENHAESER: Die afgelope naweek was 'n suksesvolle en geskiedkundige naweek vir Young Roslyns Rugbyklub. Vrydagaand, 15 Augustus is hulle seisoen afgesluit op die vooraand van hulle laaste wedstryd van die seisoen teen Elandsbaai met 'n diens wat deur dominee Klaas Keffers waargeneem is. Saterdagmiddag maak hierdie rugbyklub geskiedenis toe hulle bestuur, afrigters, spanbestuurders en oud-rugbyspelers in die C-span uitgedraf het. Toeskouers het in groot getalle opgedaag om te sien of hierdie span die waarde die drif sou trek en vir hoe lank hulle sou uithou. Young Roslyns se bestuur sou aanvanklik teen die bestuur van Elandsbaai in die C-span wedstryd speel, maar toe bring Elandsbaai hulle jong vlugvoetige C-span. Young Roslyns se bestuurspan het die loting gewen en besluit om teen die wind te speel. Voorlans het die bestuurspan van Young Roslyns die oorhand gehad met goeie dryfmaalbewegings en samespel en agterlans is Elandsbaai telkemale in die middelveld tot foute gedwing. Die vertoning van Young Roslyns se bestuurspan het die toeskouers op hulle voete gehad. Elandsbaai se jong spelers sou toe wel uit gebroke spel 2 drieë druk om met 14-0 voor te loop. Die bestuurspan van Young Roslyns het egter met goeie samespel en balhantering vorendag gekom en net voor rustyd is hulle beloon met 'n pragtige drie vanaf 'n strafskop binne die kwartgebied van Elandsbaai en reg rondom die veld kon jy hoor: Roslyns! Roslyns. Met rustyd was die telling 5-14 en die bestuurspan

van Young Roslyns het met groot applous van die tuisskare die veld verlaat. Na rustyd het die gereelde C-span van Young Roslyns oorgeneem en voortgebou op die vertoning van die bestuurspan. Voor- en agterlans moes Elandsbaai hul keur en ongelukkig kon hulle nie alle gate toestop nie. Die C-span van Young Roslyns teken 'n bonuspuntwen aan met die eindtelling 24 - 14. Die B-span van Young Roslyns het ook nie op hulle laat wag nie en het van die begin tot die einde skitterende rugby gespeel. Elandsbaai het teruggeveg toe hulle die voordeel van 'n paar strafskoppe gehad het en met sowat 10 minute oor, het Elandsbaai gaan druk en die telling was 21-22 in Elandsbaai se guns. Vir 'n oomblik het dit gelyk asof die B-span van Young Roslyns die knie sal buig. Die bestuurspan en die tuisskare was steeds hoopvol vir 'n positiewe resultaat en het

nooit opgehou om hulle span aan te moedig nie. Met 3 minute speelyd oor, kom die tuisspan met skitterende spel vorendag en in die doodsnikke gaan druk hulle om 'n 2de bonuspuntwen van 26-22 te verseker. Die toeskouers het behoorlik saamgesels. Met die aanbreek van die A-span wedstryd was die verwagting groot onder die tuisskare dat Elandsbaai nie hierdie geskiedkundige partytjie sou bederf nie. Young Roslyns se voorspelers het hulle span op die voorvoet geplaas en Elandsbaai was die heelyd onder druk en Young Roslyns het met 14-0 voorgeloopt. Elandsbaai het sterk teruggekom in die wedstryd en het met twee strafdoele geslaag. Die rustyd-telling was 14-6. Toe slaan Elandsbaai toe in die 2de helfte en gaan druk 'n skitterende drie. Die tuisspan was skielik onder druk in 'n wedstryd waar die druk al hoe groter geword het. Die pak voorspelers van Young Roslyns het weer vlam gevat

met 'n agterlyn wat lus was om met die bal te hardloop. Toe Young Roslyns binne die kwartgebied van Elandsbaai kom, het hulle gaan druk om die telling op 21-13 te staan te bring. Die tuisskare kon toe weer bietjie asemhaal, maar dit was nie vir lank toe slaan Elandsbaai toe en gaan druk. 'n Spannende einde het gewag in 'n wedstryd waar die punteverskil slegs 3 was. Net toe dit lyk of Elandsbaai vir Young Roslyns wil verras, het die voorspelers weer die oorhand gekry en die gevaarlike agterlyn van Young Roslyns kom met skitterende beweging vorendag en gaan rond af. Die A-span van Young Roslyns wen met 'n bonuspunt met die telling op 26-18 om 'n onvergeetlike en geskiedkundige dag suksesvol af te sluit. Young Roslyns bestuur bedank alle borge, spelers, afrigtingspan en hul getroue ondersteuners vir 2025.



Young Roslyns Rugbyklub se bestuurspan.